



eduresourceza.com



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12 – PROEFEKSAAMEN: VRAESTEL II – 2 Oktober 2023

Tyd: 2½ uur

Eksaminator: Mev. S. Weideman

Punte: 100


Moderators: Mev. M. Markgraaff; Mev. C. Ashford

Lees die volgende instruksies noukeurig deur:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **12 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

		Denkvlakverspreiding			Moontlike punt	Werklike Punt
		Vlak 1 + 2	Vlak 3	Vlak 4 – 7		
AFDELING A	Donker Web – Fanie Viljoen	28%	39%	33%	70	
AFDELING B	Transaksionele Skryfwerk	26%	47%	27%	30	
		Totaal: 27% 39% 34%				
		TOTAAL			100	

3. Begin asseblief **elke Afdeling op 'n nuwe bladsy soos op jou antwoordblaaie aangedui is**.
4. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
5. Alle vrae **MOET in Afrikaans** beantwoord word.
6. Beplan jou tyd deeglik.
7. Netheid en duidelike aanbieding sal in jou guns tel. Voorspoed!



Naam en Van: _____

Graad 12: _____

Onderwyseres: Weideman / Markgraaff / Ashford

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

Beantwoord **AL VIER** vrae in hierdie afdeling.

- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
- Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die aantal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die paragraaf in Vraag 2 en die opstel in Vraag 4 neer.

Beplanning van skryfstukke:

- Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk (paragraaf/opstel) te beplan voordat jy dit begin skryf.
- Beplanning word egter nie gemerk nie.
- Skryf die opskrif **BEPLANNING** bo-aan.
- Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.



DONKER WEB – Fanie Viljoen

Daar is vier vrae oor **DONKER WEB**. Beantwoord **al vier** hierdie vrae.

VRAAG 1 DIE WEB VAN DONKERTE**VIESLIK**

Soos in die titel is daar dwarsdeur die verhaal vele verwysings na **die donker en donker dinge**. Die kleur swart is ook die oorheersende kleur in die verhaal. Beantwoord die vrae hieronder wat met die tema verband hou.

“Daar is goed in hierdie wêreld wat donkerder is as donker. Vieslike mense wat vieslike goed aanvang.” [bl.50]

- 1.1 Wie se opinie word hier aangehaal? [1]
- 1.2.1 Identifiseer die “vieslike” antagonis met die donker siel. [1]
- 1.2.2 Wat is dié antagonis se bynaam? [1]

“Die vieslikste gespuis van die mensdom onder een verdomde dak!” [bl. 84]

- 1.3 Benoem die “een verdomde dak” waarna Greg se pa in hierdie aanhaling verwys. [2]
- 1.4.1 Wie is die ander vieslike individu wat ook onder hierdie dak aangehou word? [1]
- 1.4.2 Beskryf volledig hoe dié vieslike mens aan sy einde gekom het. [2]

“Daar is meer misdaad in die wêreld as waarvan ons ooit sal weet. Korrupsie wat jou stom sal laat. Gunste en gawes wat onder die tafel gedoen word, misdadigers wat transaksies in donker hoekies bekonkel.” [bl.146]

- 1.5 In hierdie uittreksel praat Ayla van: “gunste en gawes wat onder die tafel gedoen word”.
- 1.5.1 Sê kortliks hoe Xander se pa blykbaar by so ‘n transaksie betrokke was. [1]
- 1.5.2 Hoe is daar ná die transaksie met hom afgereken? Gee ‘n volledige verduideliking. [2]
- 1.5.3 Wie se idee was dit om dit op dié manier te doen? [1]





“Daar is net een mens wat my sal kan help. Dalk weet hy meer daarvan.

Maar moet ek dit doen, wonder ek. Moet ek hom nou weer kontak, ná alles wat gebeur het?

Moet ek ‘n deal met die duiwel maak?

[bl.70]

* * * * *

‘n Duiwel maak ‘n deal met ‘n duiwel. Dis hoe dit gaan as jy in die donker web gevang word.

[bl.298]

1.6 Wat bedoel Greg met “ná alles wat gebeur het”? [1]

1.7 Gee die naam en die van van die twee duiwels na wie daar in die tweede aanhaling hierbo verwys word? [2]

[15 punte]



VRAAG 2 DIE TRANSPONDER

Toe Plank in Greg se woonstel kom, sien hy die transponder op die tafel lê en besluit om dit in sy hand te plant.

Skryf 'n paragraaf van **80 – 120 woorde** oor Plank se onverantwoordelike optrede.



2.1

Plank plant die transponder in sy hand:



- ✓ Wat merk Greg op toe hy daardie middag by sy woonstel se voordeur aankom? [1]
- ✓ Hoe weet Greg dat daar iemand in sy badkamer is? [1]
- ✓ Wat gebruik Greg as 'n wapen om homself te beskerm teen die indringer in die badkamer? [1]
- ✓ Wie is die indringer in die badkamer? Gee die persoon se regte naam en van. [1]
- ✓ Die hele badkamer was vol bloed.
Hoekom het dit gelyk asof iemand in die badkamer vermoor is? [1]
- ✓ Was die indringer by sy volle bewussyn toe hy die dwase daad gepleeg het?
Gee 'n rede vir jou antwoord. [2]
- ✓ Wat is die nagevolg van hierdie dwase daad? [1]
- ✓ Wie help vir Greg om vir Xander te bedrieg? [1]
- ✓ Hoe bedrieg hulle vir Xander? [1]

[10 punte]

2.2

“Dan sien ek iets fout. Die kyk in sy oë. ‘n Besef.

Hy vat weer die selfoon, draai my hand om.

Sy kop ruk op. “Jy’t vir my gelieg.”

Uitgevang. Die transponder moes seker die selfoon oopsluit.”



[bl.137]

- 2.2.1 In watter plek is Greg en Xander wanneer Xander ontdek dat die transponder nie in Greg se hand is nie? [1]
- 2.2.2 Wat doen Xander om seker te maak dat hy reg is oor die transponder voordat hy vir Greg daaroor konfronteer? [1]
- 2.2.3 Hoe reageer Xander wanneer hy besef dat Greg hom bedrieg het? [2]
- 2.2.4 Hoe vind ons die volgende dag uit dat Xander 'n transponder in sy eie hand het? [1]

[5 punte]



VRAAG 3 ONDERHOUD MET VALKYRIE

Een van Dirk se kontakte het vir Valkyrie opgespoor. Hy het besluit om met haar te gaan praat om 'n paar dinge op te klaar.

Beantwoord hierdie vraag op jou **antwoordblad**.

Opdrag:

Laat Valkyrie nou die vrae beantwoord wat Dirk aan haar vra.



- 3.1 Dirk: Greg het jou man die eerste keer by die Lawsons se huis ontmoet. Hoekom was jy nie ook daar nie?
- Valkyrie: _____ [1]
- 3.2 Dirk: Voor die ontmoeting in die Koninklike Tuine het Greg jou twee keer gesien. Tydens watter twee geleenthede was dit?
- Valkyrie: _____ [2]
- 3.3 Dirk: Waar het Greg jou slegs gehoor, maar nie gesien nie?
- Valkyrie: _____ [1]
- 3.4 Dirk: Jy het jou man ontmoet op 'n tyd toe hy tussen twee projekte was. Benoem die twee projekte.
- Valkyrie: _____ [2]
- 3.5 Dirk: a) Wie se idee was dit om 'n dodelike hemorargiese virus in griepinspuitings te versteek?
- Valkyrie: _____ [1]
- Dirk: b) Wat was jou man se bydrae tot dié projek?
- Valkyrie: _____ [1]





3.6 Dirk: Waar het julle vir arme Plank aangehou nadat julle hom in Istanboel gevange geneem het?

Valkyrie: _____ [1]

3.7 Dirk: a) Wat is Antropine?

Valkyrie: _____ [2]

Dirk: b) Wat het van die Antropine geword wat in jou roksak was?

Valkyrie: _____ [2]

3.8 Dirk: Hoe het jy die dood van jou man gewreek?

Valkyrie: _____ [2]

Dirk: Dankie, Valkyrie. Gaan jy jouself nou aan die polisie oorgee?

Valkyrie: Jy is seker mal! Ek is nog lank nie klaar nie.

[15 punte]



VRAAG 4 GREG SE BESOEKE AAN BESIENSWAARDIGE PLEKKE

Greg besoek verskeie besienswaardige plekke, nie as toeris nie, maar omdat hy op 'n missie is. Hy beleef verskeie spanningsvolle oomblikke.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **250 – 400 woorde** oor **die toeristeplekke wat Greg besoek** in sy soektog.

- ♥ Gebruik die idees hieronder.
- ♥ Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- ♥ Jou opstel moet ook 'n **kort inleidings- en slotparagraaf** bevat.
- ♥ **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

**Paragraaf 1: Greg se eerste besoek aan die Versonke Paleis.**

- | | |
|---|-----|
| ✓ In watter land is die Versonke Paleis? | [1] |
| ✓ Vertel kortliks hoe dit binne dié plek lyk? | [2] |
| ✓ Waarvoor was dié gebou skynbaar vroeër gebruik? | [1] |
| ✓ Hoekom gaan Plank nie saam met Greg dié gebou binne nie? | [1] |
| ✓ Om watter rede is Greg se ontmoeting met Xander in die Versonke Paleis onsuksesvol? | [1] |
| [6 punte] | |

Paragraaf 2: Greg se eerste besoek aan die Hagia Sophia.

- | | |
|--|-----|
| ✓ Wat is die betekenis van die naam van dié museum in Afrikaans? | [1] |
| ✓ Xander neem vir Greg na die Hagia Sophia toe om van die gruwels te ontsnap.
Na watter gruwels word hier verwys en waar het hulle die gruwels gesien? | [2] |
| ✓ Wat word die inskripsie: "Was ook die sondes af, nie net die gesig nie," genoem? | [1] |
| ✓ Volgens Xander het hierdie inskripsie 'n tweeledige betekenis. Verduidelik hierdie stelling. | [2] |
| [6 punte] | |

Paragraaf 3: Greg se besoek aan die Palazzo Vecchio.

- | | |
|--|-----|
| ✓ Vir wie ontmoet Greg by die Palazzo Vecchio? | [1] |
| ✓ Hoekom is Greg so bang vir dié ontmoeting? | [1] |
| ✓ Watter voorsorg tref Greg om seker te maak dat hy veilig sal wees? | [1] |
| [3 punte] | |





Paragraaf 4: Greg se besoek aan die Giardini Reali – Koninklike Tuine.

- ✓ Wie lei vir Greg-hulle na die Koninklike Tuine toe? [1]
 - ✓ Wie het in die Tuine vir hulle gesit en wag? [1]
 - ✓ Wat het die “Ransomware” gedoen wat Xander op al die Baker se laboratoriumrekenaars geïnstalleer het? [1]
 - ✓ Uitschotkraal is die Baker se kode wat Xander “gecrack” het. Waar kom die naam vandaan? [1]
 - ✓ Hoe neem Xander wraak vir die moord op sy pa? [1]
- [5 punte]**


Assessering: 5 punte word toegeken vir ‘n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van ‘n opstel voldoen.

[5 punte]

Totaal Afdeling A:

[25 punte]

[70 punte]




AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

- Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.
- Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - ✓ kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - ✓ interpretasie van die opdrag
 - ✓ inhoud en idees
 - ✓ register en toon
 - ✓ taalgebruik

Beplanning van skryfstukke

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk nie.

- ✓ Skryf die opskrif BEPLANNING bo-aan.
- ✓ Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.



VRAAG 5 WEBJOERNAAL / BLOG

Situasie: Jy het gisteraand buite op die stoep gesit en 'n verskietende ster gesien. Jy het in die stilte van die nag 'n **wens** gemaak en nou hoop jy dat jou wens waar sal word.

Jy gaan in 'n **webjoernaal** jou **wens** met jou lesers deel.

Opdrag:

In jou **webjoernaal** aan jou lesers moet jy die volgende aspekte deel:

- ♥ Wat is jou **een groot wens**?
- ♥ Glo jy dat **verskietende sterre** jou **wense kan waarmaak**? Of glo jy dat **jy self daarvoor verantwoordelik is om jou eie wens waar te maak**? Gee redes vir jou antwoord.
- ♥ Hoe sal jy jou lesers **motiveer** om hulle een groot wens waar te maak?

Instruksies:

- ♥ Verdeel jou paragrawe volgens die bostaande aspekte.
- ♥ Jou webjoernaal moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê.
- ♥ Die inhoud van jou webjoernaal moet **tussen 150 en 220 woorde** lank wees.
- ♥ **Skryf die totale getal woorde onderaan jou webjoernaal neer.**
- ♥ Gebruik die onderstaande formaat vir jou webjoernaal:

ek wens	My Een Groot Wens.	ek wens
(Datum)		
(Jou naam en van)		
Liewe Lesers		

[20 punte]EK
WENSEK
WENSEK
WENSEK
WENSEK
WENSEK
WENSEK
WENSEK
WENS

VRAAG 6 SOSIALE MEDIA INSKRYWING

Situasie: Dis so maklik om rondom jou te kyk en net die negatiewe dinge te sien. **Jy het besluit om vandag dankbaar te wees.** Jy het besluit om dié foto op jou **Instagram blad** te plaas. Jy wil hiermee jou **dankbaarheid** met jou Instagram vriende deel.

**Opdrag:**

Skryf 'n kort Instagram inskrywing waarin jy jou Instagram vriende meer van jou dankbaarheid vertel. Spreek die volgende aspekte aan:

- ♥ Waarvoor is jy dankbaar?
- ♥ Hoe kan jy ander mense rondom jou inspireer om ook met meer dankbaarheid te leef?
- ♥ Hoe kan jy dankbaarheid deel van jou daaglikse lewe maak?

Instruksies:

- ♥ Die inhoud van jou Instagram inskrywing moet tussen **60-100 woorde** lank wees.
- ♥ **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou Instagram inskrywing neer.**
- ♥ Jy moet die onderstaande formaat vir jou Instagram inskrywing gebruik.

		
(’n Titel vir jou inskrywing)		
(Inhoud van die inskrywing)		

Wees in alles
DANKBAAR



Totaal Afdeling B:
Groottotaal:

[10 punte]
[30 punte]
[100 punte]

